

12 Desember

Skrifgedeelte: Psalm 121 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 121:1

Die Here is my Bewaarder

Psalm 121 is 'n reispsalm wat die pelgrim gesing het *op pad* na die heilige stad Jerusalem. Hy ontvang die sekerheid dat die Here hom tydens die reis sal beskerm. Die sekerheid beteken oneindig baie, omdat die reispad gevaarlik en onbekend is.

Ons kan hierdie hele psalm saamvat in net een word: *Bewaarder*. Ses keer hoor ons dit soos 'n refrein deur die psalm. Een ding is dus vir die pelgrim vas en seker: Die Here is sy Bewaarder. Hoe wonderlik is dit nie, want as ons die psalm aandagtig deurlees, sien ons met hoeveel gevare die pelgrim op die pad te doen gehad het. Ons lees van die wankeling van die voet, van duisternis en nag en ook die hitte van die dag. Verder noem die sanger die onheil wat jou siel bedreig. Al hierdie dinge en nog baie meer het op die pad lê en loer. Aan al hierdie gevare was die Sionspelgrim blootgestel. Op hierdie moeitevolle en gevaarlike reis is die hulp van die pelgrim per slot van rekening nie van Jerusalem nie, maar van die Here. Hy kan dit dus uitjubel as hy vra: "Waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die Here!"

Hierdie psalm gee aan ons as gelowiges van die nuwe bedeling sekerheid op ons reispad na die stad – die nuwe Jerusalem. So lei Hy ons na Sion, na God se altare. So lei Hy ons, want eenmaal kom die groot reis – deur die skadu's van die doodsvallei. Dan breek die oomblik aan dat jy heeltemal alleen is en daar geen vriend of vyand is om jou by te staan nie, behalwe *Een*, jou Bewaarder. Dan nóg sluimer of slaap Hy nie. Hy bewaak jou uitgang uit die lewe en jou ingang in die Vadershuis. Hy lei jou veilig tot in die ewige lig.

Sing: Psalm 121:1; Skrifberyming 45:1 Ds JD Venter (Vryburg)